PASTORALE BRIEF AAN SINODES/GEMEENTES/LERAARS

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Paulus moedig die gemeente in Kolosse aan tot volhardende gebed, waaksaamheid, dankbaarheid en oop deure vir die evangelie terwyl hy in gedwonge afsondering in die tronk is (Kol 4:2-6). Hy moedig die gemeente tot wyse optrede teenoor vreemdelinge aan én dat hulle, net soos hy, die beste gebruik van elke geleentheid (*kairos*-oomblik) sal maak. Ons het die voorreg om oor die eeue heen terug te kyk en van God se trou deur alle geslagte heen te getuig. Dit is juis in ons diepste nood dat ons intens bewus raak van God se genade en sorg. Paulus sê in soveel woorde: "Nou is die tyd om die hoop wat ons in Christus het te verkondig." Ons kan aansluit by die *kairos*-oomblik waarvan hy praat. Die koronavirus bring hierdie geleentheid tot op ons voorstoep en tot in ons huise.

Geen paniek en vrees nie, maar ook geen ontkenning nie. Dit, meen ons, behoort nou die uitgangspunt te wees wanneer ons gelowig praat oor die implikasies van die koronavirus en die fase waarin ons as land is, naamlik die bekamping van verdere verspreiding.

Die dagbestuur van die Algemene Sinode is deur die media gevra om 'n mening te gee. Hiermee net die algemene uitgangspunt waarmee ons tans op hierdie versoeke reageer. Dalk help dit julle as plaaslike leierskap ook in julle denke. Terugvoering is natuurlik welkom.

- Alle aanduidings is dat ons één kans het om die verspreiding van die virus te verlangsaam. **Dit vra van ons almal om, so vinnig moontlik en so beslis moontlik, maatreëls te tref wat sosiale kontak tussen mense sal beperk.** Die aard van die virus is uniek. Dit vra van ons deernis en buitengewone optrede. Deernis beteken nou om sosiale kontak te beperk waar en hoe ons ook al kan.

- **Ons missionale roeping** sluit in om op 'n verantwoordelike manier selfs meer te doen as wat die nasionale maatreëls van ons vra, deur kreatief na geleenthede vir bediening te soek en sonder huiwering ons gemeenskappe in nood te dien. Ons vertrou dat plaaslike gemeentes wysheid en leiding van die Gees hieroor sal ontvang.

- Dit is nou 'n tyd om met **groot verantwoordelikheid en selfbeheersing** op te tree. Draers van hoop weerhou hulle van onverskillige uitsprake (soos dat die uitbraak van die virus 'n voorbeeld van God se straf is of net sekere persone in die gemeenskap raak). Ons fokus nou eerder op hoe ons ons naaste kan dien en veral weerlose mense kan ondersteun.

- Eredienste is die hart van gemeentewees. Ons doen **'n beroep op gemeentes om nie voort te gaan met hulle tradisionele benadering tot die erediens nie,** maar om binne hulle konteks maatreëls te tref sodat die evangelie steeds

aan mense verkondig kan word, sonder die samekoms van groot groepe mense. Mense het veral nou onderlinge steun en die gemeenskap van gelowiges nodig.

- Sinodes word versoek om **ernstig te besin oor reëlings vir personeel wat moet reis** (binnelands of buitelands), oor die selfisolasie van dié wat onlangs oorsee was, en oor toegangsmaatreëls by kantoorkomplekse. Alle sinodale en streeksvergaderings behoort tot die minimum beperk te word deur die benutting van telefoonkonferensies of ander digitale platforms.

- Ons wil ook graag ons lidmate inlig oor voorsorgmaatreëls, die eerste oppervlakkige onderskeiding van die simptome van die virus, aanmeldingsprosedures, en so meer. Maak seker dat die bronne wat gebruik word betroubaar en feitelik korrek is.

- Ons verwys sinodes na die **Wet op Rampbestuur (Wet 57 van 2002)** wat landsburgers verplig om te hou by maatreëls wat tydens rampgebeure afgekondig word.

Hiermee versoek die dagbestuur alle sinodes vriendelik om besluite of verklarings wat uitgereik word aan die Algemene Sekretaris te stuur. Só kan ons ingelig bly en wedersyds by mekaar aansluit en leer.

Die situasie is vloeibaar. Ons bly in gesprek met mekaar. Ons bly hoopvol en naby aan mekaar (al word ons versoek om liggaamlik ver van mekaar af te bly).

In verbondenheid met mekaar in Christus

Uitgestuur deur die dagbestuur van die Algemene Sinode